# Klein Lochieland

## Nuusbrief Graad R en RR

*Lourensrivierweg / Posbus 124*
*STRAND*
*Tel: 021-8548592*
*E-pos:*
*adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za*

2026-02-20

Liewe Ouers

**GHOLFDAG: 13 MAART 2026**
Die gholfdag se reëlings vorder baie mooi! Ons is dankbaar vir die skenkings en hulp van die komiteelede en ouers. Ons benodig nog **pryse** vir die gholfdag om tot by die 15de plek pryse uit te gee. Pryse kan absoluut enigiets wees, solank daar net twee van een soort is, bv. kampstoele, koelsakke, gholfhemde en -keppies, potte, glase, penstelle, verf, roosters, biltong-hampers, ens. Kontant skenkings sal ook baie waardeer word, want dit word gebruik om pryse aan te koop. Elke bietjie help!

Ons benodig nog ses **putjie borge**. Help ons asb. hiermee indien u besighede ken wat die blootstelling wil hê. Kontak gerus vir Chantelle Roelofse in verband hiermee by croelofse@lochnerhof.co.za

Ons het besluit om weer vir ons verskillende klasse te vra om artikels in te samel om "hampers" op te maak. Dit kan ook as **pryse** gebruik word. Indien julle dit in jul begroting kan inpas kan die ouers van die volgende klasse die volgende items bring, asb:

| | |
|---|---|
| Bytjieklas RR1-Juffrou Annemarie: | ***Soet of sout koekies*** *(minstens een boksie per kind)* |
| Skoenlapperklas RR2-Juffrou Paula: | ***Groot pakke skyfies*** *(minstens een pak per kind)* |
| Besieklas RR3-Juffrou Michelle: | ***Sjokolade*** *(een "slab" per kind)* |
| Miertjieklas RR4-Juffrou Andrea: | ***Neute of droë vrugte*** *(een pakkie per kind)* |
| Naaldekokers RR5-Juffrou Jané: | ***Lekkers of beskuit*** *(minstens 'n pakkie per kind)* |
| Eendjieklas R1-Juffrou Anja: | ***Bier*** *(minstens 1 pak van 6)* |
| Beertjieklas R2-Juffrou Janita: | ***Witwyn*** *(minstens 1 bottel)* |
| Vissieklas R3-Juffrou Chantelle: | ***Ciders*** *(minstens 1 pak van 6)* |
| Hasieklas R4-Juffrou Cara: | ***Rooiwyn*** *(minstens 1 bottel)* |

**Ons gaan 'n interne kompetisie tussen die klasse loods en die klas wat die meeste items by graad R en RR insamel, 'n beloning gee.**
**Ondersteun ons hiermee, asb! Dit is ons enigste fondsinsameling vir die jaar.**

**TOELATINGS 2027**
Aansoek om toelating vir **gr. RR vir 2027** is oop en sluit einde Maart. Vorms is by Klein Lochieland beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word.

**FOTOGELDE**
Die kleuters is almal afgeneem en sal binnekort 'n koevert ontvang met voorbeelde van die foto's van u kind. U sal bestellings op hierdie koevert kan plaas.

## GRAAD R-INLIGTING:

**WILD WILD WEST – UITSTAPPIE: 3 en 5 Maart**
Ons beoog 'n uitstappie na Wild Wild West op die volgende dae:
**3 Maart**: Eendjie- en Vissieklas
**5 Maart**: Beertjie- en Hasieklas
Kostes beloop R75-00 per kind en kan voor of op Maandag 2 Maart op die D6-toepassing betaal word.

| | | |
|---|---|---|
| Ons tema vir volgende week is: | | **INSEKTE** |
| Ons persepsies is: | Kleur: | **Pers** |
| | Getal: | **3 en derde** |
| | Klank: | **j-klank** |

| | | |
|---|---|---|
| Assesserings: | | **Tel in ene van 1 tot 10**<br>**Tel terug van 5 tot 1**<br>**Teken 'n menstekening**<br>**Balanseer op een been vir 6 tellings** |
| Maandag | 23 Februarie: | ***Bring 'n " j-klankie" prent, asb*** |
| Dinsdag | 24 Februarie: | Ek teken myself |
| Woensdag | 25 Februarie: | Kleuters trek iets **pers** aan, asb (as hulle het)<br>Ons maak 'n skoenlapper |
| Donderdag | 26 Februarie: | Ek teken my gunstelinginsek |
| Vrydag | 27 Februarie: | ***INSTAPPIE: The Travelling Bee***<br>***Onthou om almal skoolhempies aan te trek, asb.*** |
| Saterdag | 28 Februarie: | Boeresportdag: ALMAL welkom! |

## GRAAD RR-INLIGTING:

**INSTAPPIE: VRYDAG 27 FEBRUARIE**

Om by ons tema van die week aan te pas, besoek die brandweer ons om die kleuters meer oor vuur en veiligheid te leer. Kleuters moet asb. ALMAL hul skoolhempies dra.

Ons tema vir volgende week is: **MY HUIS en VEILIGHEID**

| | | |
|---|---|---|
| Ons persepsies is: | Kleur: | **Oranje** |
| | Vorm: | **Reghoek** |
| | Getal: | **3** |
| | Klank: | **f-klankie** |

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 23 Februarie: | Ons verf 'n huis |
| Dinsdag | 24 Februarie: | Ons maak 'n papiersakhuis |
| Woensdag | 25 Februarie: | Kleuters trek iets **oranje** aan, asb (as hulle het) |
| Donderdag | 26 Februarie: | Bring asb. reghoekige broodjies skooltoe |
| Vrydag | 27 Februarie: | ***INSTAPPIE: Die brandweer***<br>***Onthou om almal skoolhempies aan te trek, asb.*** |
| Saterdag | 28 Februarie: | Boeresportdag: ALMAL welkom! |

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel